


Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Forum)

Publication Date: 28 Nov 2018

Page: 11

AVE: 18061.88

Circulation: 47400

Part: 1 of 1

# Mans kan lei in protes teen dié geweld



**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman

Een van die vreugdevolle verwagtinge van Kersfees is dat geweld tot 'n einde kom. Wapens wat vervaardig is om lewe te vernietig, word omskep in landbou-implemente wat vir lewe sorg (Miga 4 vers 3).

Dit is hierdie visie van geweldloosheid en vrede wat in veldtogte soos die 16 dae van aktivisme teen geweld teen vroue en kinders om beliggaming vra.

Aktivisme behels enersyds konkrete denke, woorde en dade teen geweld. Aktivisme behels andersyds dat ons veldtogte begin, stry, agiteer en protesteer. Ons protesteer daarvóór dat alle mense, veral vroue en kinders, 'n lewe van menswaardigheid en geborgenheid, geregtigheid, vryheid en gelykwaardigheid geniet. Ons stry daartéén dat ons vroue en kinders deur geweld vermink word.

> **"Ons stry daartéén dat ons vroue en kinders deur geweld vermink word.**

Geweld is fisiek, psigies, geestelik en verbaal. Geweld word op individuele vlak in verskillende lewensverbande in die huwelik en huis, kerk en werk, politiek en sakewêreld, kuns en kultuur, openbare gesprek en debat gepleeg.

Geweld is veral ook kollektief en sistemies. Dit beteken geweld vind ook skuilplek in ons leefkulture. Die woord verkragtingskultuur gee juis uitdrukking aan die verskuilde, subtiele en selfs onderbewuste gestaltes van geweld.

Kultuur verwys in hierdie verband na die onderbewuste denke en logika, houdinge en gesindhede, vooronderstellinge en vooroordele waarmee vroue en kinders bejeën word. Op onderbewuste vlak word hulle as minderwaardig beskou, en word hulle tot objekte gemaak, word hulle ver-ding-lik. Hierdie objektivering is reeds geweld. Dit baan egter ook die weg vir meer kru en sigbare vorms van geweld soos verkragting.

Aktivisme behels dat ons alle vorme van geweld beveg, en dat ons veral ten opsigte van sistemiese geweld die onderbewuste houdinge wat die weg baan vir kru geweld, ontmasker. Woorde soos verkragtingskultuur ontstel juis ten einde te herstel. Dit bevorder bewusmaking. Bewusmaking is noodsaaklik om die verskuilde euwel raak te sien, en om dit as ons morele plig te aanvaar om dit te beveg.

Aktivisme behels voorts dat ons organiseer en strukture wat diskriminasie en geweld in stand hou, afbreek. Ons moet elke besluit en beleid, projek en praktyk, woord en daad in alle lewensverbande kyk met 'n lens wat op soek is na geregtigheid en geborgenheid vir almal, veral vir vroue en kinders.

Net só moet ons ook die diskriminerende aanwending van verskillende godsdiens-dienstige en sekulêre lewensbeskouinge ontmasker en beveg.

Aktivisme is nie net die verantwoordelikheid van vroue nie. In noue oorlegpleging en samewerking met vroue, moet mans in hierdie edel strewe selfs die leiding neem.

**■ Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.